LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

28-08-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 29 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **VRYDAG, 1 SEPTEMBER 2017:**
Die skool sluit Vrydag, 1 September 2017 om 12:00. Die leerders mag gewone klere aantrek.

2 **VOLKIE VERE:**
Volkie Vere sal Donderdag, 31 Augustus net tot 13:00 oop wees. Vrydag sal die winkel gesluit wees a.g.v. die Varkfees. Onthou vanaf Maandag, 4 September kan leerders somersdrag dra.

3 **VARKFEES:**

- ***PARKERING VIR MUSIEKPRET EN PERSONEELKONSERT IS OP DIE RUGBYVELD.***
- **MUSIEKPRET 2017:**
  Onthou dis vanaand die jaarlikse musiekpret om 19:00 in die skoolsaal.
- **PERSONEELKONSERT 2017:**
  Personeelkonsert sal op 29, 30 & 31 Augustus vanaf 18:30 tot ± 20:00 wees. Daar sal nog kaartjies te koop wees by die deure.
- **HEKDIENS:**
  Baie dankie aan al die ouers wat help met hekdiens, dit word baie waardeer.
- **NAWEEKKAARTJIES:**
  Hierdie kaartjies sal Vrydag uitgedeel word aan die leerders.
- **"SKYDIVERS":**
  Koop jou merker en staan 'n kans om 'n prys te wen. Leerders het elkeen 'n lys ontvang om merker-kaartjies te verkoop teen R20. **Alle lyste** moet vandag, 28 Augustus terug wees om in aanmerking te kom. Leerders sal 30 Augustus hul merkers ontvang wat op Saterdag, 2 September geplaas moet word vanaf 15:30.

- **LCS MOUNTAIN CHALLENGE:**
  Hierdie fietsresies vind plaas op 2 September op die Weermag se gronde. Kontak vir Wikus by 0827800117 vir enige navrae.

4 **KOOR**:

HORIZONS KONSERT:

Horizons is 'n interaktiewe koor/sang konsert, gevul met geestelike en sekulêre wenke. Konsert vind plaas op 10 September om 15:00 in die Klipkerk teen R100 per kaartjie. Indien iemand belangstel skakel asb vir Lanie Coetzer vir kaartjie bespreking. Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

KORE:

- Daar is Juniorkoor oefening.
- Die Junior- en Seniorkoor program vir 3de kwartaal:

Wo	30 Aug	Geen oefening	Snr koor	-
Wo	6 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	13 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	20 Sept	14:00 - 15:00	Snr koor	Oefening
Wo	27 Sept	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Don	26 Okt	Kultuurkonsert	Jnr en Snr koor	Gekombineer met koorafsluiting

5 **LANDLOOP**:

Oefening - Maandag tot Donderdag vanaf 16:00 tot 17:00 by Hoërskoolbane.
Baie geluk aan al die landloopatlete wat deelgeneem het aan die D7 byeenkoms. Sterkte aan Gabriella Roos, Adrienne MacDonald-Hutcheson, Tiané Steyn, Wiepke Schoeman en Claudeo Dick wat Saterdag, 2 September aan die Gauteng Kampioenskappe te Hammanskraal in Pretoria gaan deelneem.

6 **EISTEDDFODS:**

Alle Eisteddfod tye is uitgegee, indien daar enige navrae is oor tye wat kort vra asb by Juf Helanie of Juf Lizelle.

HEIDELBERG:

Alle Heidelberg Eisteddfod uitslae en bewyse van bv drama-, musiekstukke, ens. moet ingehandig word op Woensdag, 30 Augustus by Juf Helanie en Juf Lizelle. Geen laat uitslae word aanvaar nie. Kunsstukke word ontvang deur Juf Helanie. Sy sal die uitslae aanteken en dit uitdeel sodra dit ontvang is.

SUIKERBOSRAND:

Die 2de deel van die Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 11-15 September, vokaal en musiek: 18, 19, 20 September. Dit sluit die volgende afdelings in: Drama (11-15 Sept te TPA Saal); Kuns; Vokaal (sang) & Instrumentaal (18-20 Sept te Laer Volkskool).
Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 15 September. Tema: Bome. Formuleer ook 'n naam vir jou eie kunswerk.

7 **HOKKIE**:

Onthou die hokkie rokkies en beffies se gelde moet asb so gou as moontlik inbetaal word.

8 **MINI-HOKKIE:**

Wedstryddatums is soos volg - almal by Arconpark en dit begin 14:00.

Donderdag, 31 Augustus	Donderdag, 7 September

9 **MINI-KRIEKET:**

- Oefening is net Maandag vir die week vanaf 14:00 tot 15:00 by die skool se velde. Sorg asb vir 'n hoed en water.
- Inligting sal deurgegee word van volgende wedstryd.

10 **KRIEKET**:

Wedstryde begin om 14:00.

Geen krieketoefening vir 0/11's op Dinsdag en Donderdag nie a.g.v. weg wedstryde.

SPANNE	WANNEER - DATUM	WAAR
1ste	29 Aug	Weg - Voorwaarts
2de	29 Aug	Weg - Unitaspark
0/11A	31 Aug	Tuis teen Voorwaarts
0/11B	31 Aug	Weg teen Emfulenipark
0/11C	29 Aug	Weg teen Hannes Visagie

11 **SKAAK**:

Onthou asb van 8 September se Gauteng Skole skaak. Inligting sal deurgegee word

12 **MATHYS ROETS:**

Ondersteun asb die Suikerbosoord Dienssentrum met hierdie poging van hulle. Mathys Roets tree op by hulle op 13 September 2017 om 18:30 vir 19:00 in die Suikerbosoord saal in Freemanstraat 2, Heidelberg. Koste is R250 vir 'n 3-gang ete. Kontak vir Annelize by 0163495180 of Chrissie McClintock by 0828959993 vir enige navrae.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF